VERJAARSDAE : 25 TOT 31 JULIE 2010

07/25	REINERT	VAN RENSBURG	VAN RIEBEECKLN 59	Blok 3
07/25	TANYA	RAS	VAN RIEBEECKLN 87B	Blok 3
07/26	BEATRIX	SWANEPOEL	VAN RIEBEECKLN 193B.	Blok 2
07/26	RINA	PRETORIUS	VAN RIEBEECKLN 30	Blok 4
07/26	CELESTE	HAFELE	CANTONMENTSWEG 2	Blok 3
07/27	HENRI	JONKER	6DE STRAAT 8	Blok 1
07/27	HERMIEN	STOLZ	SMUTSLN 224	Blok 1
07/28	JAAP	VAN WYK	KRUGERLN 140	Blok 3
07/28	LIZELLE	HAUPT	MONTROSE 7	Blok 4
07/28	CAREL	HAUPT	MONTROSE 7	Blok 4
07/29	SURINDA	SWIEGELAAR	RIEBEECK WS 10	Blok 1
07/31	XENEY	BLIGNAUT	KRUGERLN 141	Blok 3
07/31	MIGAEL	GORDON	LAURISTON MEWS 2	Blok 4
07/31	JAN	VAN DER MERWE	DF MALANLN 12	Blok 4
07/31	DANIE	KRITZINGER	VAN RIEBEECKLN 172	Blok 2

HUWELIKHERDENKINGS

MAANDAG, 26 JULIE			
SCHALK EN SANDRA MEYER		SMUTSLN 196	Blok 1
DONDERDAG, 29 JULIE			
BRAAM EN MARIÉ DE VILLIERS		KRUGERLN 12	Blok 4

Skakel my vir die koop
en verkoop
van eiendomme in
Lyttelton, Kloofsig en
Pierre van Ryneveld

Ned Geref Gemeente Lyttelton-Oos

DIE HEROUT

Sondag, 25 Julie 2010

Hartlik welkom in die erediens vanoggend

Webtuiste: www.lytteltonoos.org.za

SONDAG, 25 JULIE
Deurkollekte Motorwag
09:00 Erediens
09:00 Kindereredienste
10:00 Mentorvergadering Snr/Jnr
18:00 Aanddiens
18:45 Kategese/Ouers kuier saam
19:30 Gesinne kuier/Speel saam

MAANDAG, 26 JULIE
19:00 Bedieningspanvergadering

DINSDAG, 27 JULIE
18:30 Alpha-kursus

WOENSDAG, 28 JULIE
17:00 Biduur

DONDERDAG, 29 JULIE
09:00 Bybelstudie Senior Lidmate

SONDAG, 1 AUGUSTUS
Deurkollekte Noodlenigingsfonds
09:00 Erediens
09:00 Kindereredienste
18:00 Aanddiens
18:45 Kategese/Ouers kuier saam
19:30 Gesinne kuier/Speel saam

MAANDAG, 2 AUGUSTUS
19:00 Bedryfspanvergadering

DINSDAG, 3 AUGUSTUS
18:30 Alpha-kursus

WOENSDAG, 4 AUGUSTUS
17:00 Biduur

DONDERDAG, 5 AUGUSTUS
09:00 Bybelstudie Senior Lidmate

SATERDAG, 7 AUGUSTUS
Gemeente 52 jaar oud

SONDAG, 8 AUGUSTUS
09:00 Erediens
(Voorbereiding)

MAANDAG, 9 AUGUSTUS
VROUEDAG

DINSDAG, 10 AUGUSTUS
18:30 Alpha-kursus

NUWE INTREKKERS

Ons wil julle graag so gou moontlik tuis laat voel en deel maak van ons geloofsgesin! Bly gerus na die diens agter dan ontmoet ons mekaar voor die kansel. Julle kan ook ds Freddie Schoeman (084 581 8139) of Max Amsenga (012 664 3629) skakel.

VOORBIDDING

1. Pina Conradie, Protea Aftreeoord 126, wat siek is en tans by haar kinders op Stella is. (Blok 4).
2. Frieda Collins, Stangerstr 30a wat 'n operasie ondergaan het (Blok 4).
3. Wynand en Wilma de Klerk, Krugerln 144 met Wilma se suster wat ernstig siek is (Blok 3).
4. Boet en Alet Venter, Gloverln 196b, wat 'n skouer-operasie ondergaan het. (Blok 4).
5. Hennie en Freda Viljoen, Van Riebeeckln 35 met Freda wat 'n operasie ondergaan het (Blok 4).
6. Adam en Shereen Barnard, Witelsstr 1 met Shereen se moeder wat nog siek is (Blok 4).
7. Willie en Tania Neü, Cilliersln 249 met Tania se moeder wat nog ernstig siek is (Blok 1).
8. Adolf Crafford, Hans Strijdomln 182 wat nog wag vir 'n nier-oorplanting. Ons dra hom en die hele familie aan die Here op (Blok 2).

SPESIALE VOORBIDDING

Voorbidding word gevra vir die Ringsitting vanmiddag om

15:00 – 17:30.

Dit vind by Lyttelton-Oos plaas

ATKV VEREER MIN SHAW

Min Shaw word vereer vir die bevordering van Afrikaanse Christenmusiekmusiek.

Sy, Nico Carstens en Albie Louw tree Maandag 26 Julie om 20:00 saam met ATKV Crescendowenner Petronel in die Centurionteater op.

Min Shaw was op haar dag die grootste ster in Suid-Afrika met die een trefferplaat na die ander. Met rolle in van die gewildste Afrikaanse flieks ooit, soos onder andere "Hoor my Lied" en "Lied in my hart" saam met Gé Korsten, asook "Jy is my Liefling" en "Die Danie Bosmanstorie" saam met Frans Marx, was sy 'n huishoudelike naam. Sy het ook in die TV-reeks "Familiedae" opgetree met Frans Marx as regisseur.

Sy was eers 'n onderwyseres voordat sy voltyds begin sing het. Haar musiekloopbaan het 'n groot inspuiting gekry toe sy in 1961 'n sangtalent-kompetisie van die destydse baie gewilde LM Radio gewen het. Haar eerste enkelspeler "Kleine Nagtegaal" is in 1966 vrygestel. Kort daarna volg 'n hele rits langspelers onder andere "Nooi soos min", "Die Laaste Wals", "Blonde Visserman" ens.
Min Shaw en Lance James was vir baie jare ons bekendste, gewildste en suksesvolste Afrikaanse sangpaar. Hulle het vir baie jare baie suksesvolle optredes en toere deur die land onderneem. Hulle is met 'n Sarietoekenning bekroon.

Min het in 1973 as't ware die ligte Afrikaanse Musiekaflosstokkie aan Carika Keuzenkamp en Sonja Herold oorhandig en voltyds op Afrikaanse Christenmusiek begin konsentreer. Haar eerste album "Ek wandel met Hom" het in dieselfde jaar verskyn en daarna sou nog 20 albums volg waarvoor sy goue, platinum en dubbele platinumtoekennings gekry het.

Ons vereer Min Shaw vir die bevordering van Afrikaanse Ligte Musiek en Afrikaanse Christen-musiek oor 'n tydperk van 50 jaar.

Aldrie kunstenaars tree saam met ATKV Crescendo-wenner Petronel tydens haar Cd-vrystelling "Vonnie" Maandagaand 26 Julie om 20:00 in die Centurion-teater op. Min sing ook haar groot treffer "Jy is my Liefling" in 'n duet saam met Petronel.

Die ATKV bied komplimentêre kaartjies aan vir pensioenarisse. U moet **ASSEBLIEF VOOR MAANDAG OM 08:00** u naam deurgee en vir hoeveel persone u kaartjies verlang.

Navrae: Sakkie Kotze ATKV Centurion 012 664 2712 / 082 925 1488

U kan ook vir Max skakel — 012 664 3629

2010 Vakansieprogram

NG Kerk Lyttelton-Oos

Dankie vir die deelname in Jun/Jul skoolvakansie program, dit was 'n seën.

Ons is reg vir die Vakansieprogram in

September/Oktober Skoolvakansie

Laerskool en Hoërskool kinders welkom.

Daar gaan baie gefokus word op vaardighede, selfstandigheid en

PRET

Registreer vroedtydig om teleurstelling te voorkom.

Vir meer inligting, skakel

Susan 082 680 3682
Madelaine 082 354 2455

MET GROOT DANKBAARHEID …

… aan almal wat tydens ons traumatiese ondervinding liefde, bystand en meelewing met ons gedeel het.

Dit is moeilik om so 'n ervaring te verwerk maar danksy die lidmate van Lyttelton-Oos kon ons dit hanteer en is besig om dit te verwerk. Dit is met groot dankbaar in ons harte dat ons ongedeerd daarvan afgekom het.

Dankie vir al die besoeke, gesels en eetgoedjies wat ons ontvang het. Sonder al die gebede, meelewing en luister was dit makliker om die insident te hanteer.

Laaste maar nie die minste … dank aan ons Hemelse Vader vir sy liefde en beskerming tydens die voorval en elke dag daarna.

Toeks en Kobus Steyn

KONTAK PERSONE

Rina van der Merwe	Van Riebeeckln 149	664-2469
Bubbles Burger	Van Riebeeckln 13	664-3388
Tokkie Botha	Van Riebeeckln 204	664-4829
Ria Briedenhann	Moltenoweg 2	644-0663
Toeks Steyn	Hans Strijdomln 19	664-4393
Yvonne Schulze	Fitzpatrickweg 13	664-3379
Hennie Haupt	Langebrinkweg 49	664-3254
Ria Maree	Fitzpatrickweg 21	664-3364
Heleen Nel	Hans Strijdomln 51	664-2276
Alet Venter	Gloverln 196	664-3282
Thea Neser	Hans Strijdomln 46	664-4717

BESTELLINGS JAFFELS : VRYDAG 20 AUGUSTUS 2010

GEMEENTESENTRUM : LYTTELTON-OOS

KOSTE : R10.00 ELK

Getal jaffels bestel: .....

Naam: .....

Adres: .....

Telefoon/Selfoon: .....

Bedrag ingesluit: .....

SLUITINGSDATUM: MAANDAG 2 AUGUSTUS 2010 OM 17:00

AFHAALTYD: VRYDAG 20 AUGUSTUS: 13:00

Baie dankie vir u ondersteuning. KLUB IMMERGROEN

BESTELLINGS KAN GEPLAAS WORD BY ENIGE VAN BOGENOEMDE KOMITEELEDE

LET WEL: GEEN JAFFELS SAL VERKOOP WORD TENSY DIT VOORAF BESTEL IS

UITREIK NA ANDER

Matteus 5:7

"Geseënd is dié wat barmhartig is want aan hulle sal barmhartigheid bewys word."

In hierdie saligspreking vra God jou om soos Hy te wees. Hoe jy hierop gaan reageer, sal die gees wat in jou is, openbaar. As daar 'n gees van liefde in jou is, sal jy uitreik en hulp betoon aan ander. In barmhartigheid gaan dit om empatie plus jou daad van hulpverlening. Die woord empatie is 'n mooi woord wat wil sê dat jy jou in daardie mens wat in nood verkeer, se skoene voel. Jy beleef iets van sy ellende en jy wil hom help. Dis die genade van God wat jou barmhartig maak.

In die gelykenis van die Barmhartige Samaritaan vertel Jesus van die priester wat by die man wat onder rowers verval het en swaar gewond langs die pad gelê het, gekom het en toe hy hom sien het hy 'n draai om hom geloop en verder gegaan. Dieselfde het met die volgende verbyganger, die leviet, gebeur. Die twee mense was mense wat diens vir die Here in die tempel in Jerusalem gedoen het. Met hulle voete en hande het hulle die Here gedien, maar hulle harte was ver van Hom. Dit herinner sterk aan die brief wat Christus vir Johannes aan die gemeente van Laodicea in Openbaring 3:20 laat skryf het: "Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand my stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek ingaan ..."

Dis die gemeente van die Here, maar die Here staan buite en kan nie inkom nie. So het die Here ook daardie dag aan die deur van die Priester en Leviet se harte geklop, maar hulle was so formeel in hulle godsdiens dat hulle niks gehoor of gesien het nie en 'n groot oomblik in hul lewe gemis het. Maar toe kom die ou Samaritaan daar aan en die liefde in sy hart dring hom om uit sy pad te draai en die man in ellende te help. Dis waarvan Jesus hier in die saligspreking met jou praat.

Die saligspreking het 'n mooi belofte vir jou. As jy barmhartigheid bewys sal daar weer barmhartigheid aan jou bewys word. Dis waar. Die Here sien wat jy doen en Hy sal jou nie vergeet nie, veral nie in die oordeelsdag nie (Mat 25:31 v.v en 2 Tim 1:16-18).

GEBED: Here, my lewe is nie volmaak nie, maar ek betoon barmhartigheid aan ander en nou bid ek dat U my barmhartig sal wees.

AMEN

(MET TOESTEMMING VAN DS MW ODENDAAL)

DANKOFFER PER INTERNET

Lidmate is welkom om hulle maandelikse dankoffer / geloofoffer per internet oor te plaas.
Die gemeente se rekeningbesonderhede is as volg:
ABSA Lyttelton / Takkode: 632 005
Gemeentefonds (vir dankoffers) 0600 580 159
Geloofoffer: 4050 438 756

:an ook ons webtuiste besoek by www.lytteltonoos.org.za
en op die GivenGain ikoon klik om dankofferoordrag te vergemaklik

Daar is ook eDebietordervorms in die konsistorie beskikbaar—kom vra vir een na die diens of skakel Sexta Maree by 0126644458 Maandae of Woensdae of op haar sel 0724344670 of vra een aan by ngk@lytteltonoos.org.za.

Vanweë die veiligheidsituasie is dit nie meer wenslik om by huise te kollekteer nie.

Alpha

'n Geleentheid om die betekenis van die lewe te ontdek

20 Julie 2010—21 September 2010

Elke Dinsdagaand om 18:30—21:00
Kom vra jou vrae
Kom verken die terrein van die geloof
Kom deel in die saamwees

Dui jou belangstelling op 'n terugvoervorm aan of skryf in op ons webblad by
http://www.lytteltonoos.org.za/inligting/alpha.htm

Almal is welkom! Nooi gerus alle ander (familie, vriende, kollegas) wat nog die Alpha-kursus bygewoon het nie.

Vat vyf: identifiseer vyf persone wat nie die Here of die warmte en liefde van 'n geloofsgemeenskap ken nie en bou 'n verhouding met hulle op. Nooi hulle om die Alpha-kursus by te woon.

GRACE ARTS

Vir alle raamwerk — bekostigbaar

Retha Wessels: 082 772 0955 / 012 664 2303

Krugerlaan 177 (na-ure beskikbaar)

FONDSINSAMELING VIR BYBELVERSPREIDING

Dave de Bruin wil graag met die verkope van die produk op die advertensie hierby skenk vir Bybelverspreiding. Hy is bereid om R6.00 van elke bui-sie wat verkoop word te skenk. Help hom asseblief in hierdie projek.

Die inhoud van 'n buisie is 80 gram. Dit is veral hardlopers en gimnaste wat baie baat vind by die aanwending van hierdie room.

Prys per buisie: R76.00

Vir bestellings, skakel Dave by:

012 664 3422 / 082 653 4865

ATTESTAAT ONTVANG

Vanaf NG Gemeente Klerksdorp-Oos
Dooplidmaat: Ernest David van der Vyver
Woonadres Erf 1111, Amhurst Place 27 (Blok 4)

Hartlik welkom by Lyttelton-Oos. Ons hoop jy en Denise sal baie gelukkig wees hier by ons en inskakel by die aktiwiteite.

KLUB IMMERGROEN
UITSTAPPIE NA PRETORIA DIERETUIN

DINSDAG, 10 AUGUSTUS 2010

TYD: 08:15 By Gemeentesentrum
08:30 Vertrek
09:00 Tee en koekies by dieretuin
12:00 Ligte middagete
13:00 Vertrek by dieretuin
13:30 Tuis

VERVOER: 1. Per Taxi, heen en weer [ ]
U moet self betaal
2. Met u eie vervoer [ ]
* Merk asseblief 1 of 2

ONKOSTE: R50.00 per persoon
* Gholfkarretjies word gehuur vir persone wat swaar loop (Onkoste Klub Immergroen)
* Dui aan of u daarvan gebruik sal maak [ ]
* Rystoele: Persone wat hul eie rolstoel wil saamneem kan gestoot word
* Dui asseblief aan [ ]

NAAM: ……

TEL NO: ……

KONTAK PERSONE

Rina van der Merwe	Van Riebeeckln 149	664-2469
Bubbles Burger	Van Riebeeckln 13	664-3388
Tokkie Botha	Van Riebeeckln 204	664-4829
Ria Briedenhann	Moltenoweg 2	644-0663
Toeks Steyn	Hans Strijdomln 19	664-4393
Yvonne Schulze	Fitzpatrickweg 13	664-3379
Hennie Haupt	Langebrinkweg 49	664-3254
Ria Maree	Fitzpatrickweg 21	664-3364
Heleen Nel	Hans Strijdomln 51	664-2276
Alet Venter	Gloverln 196	664-3282
Thea Neser	Hans Strijdomln 46	664-4717

Wil jy graag dien maar jy weet nie waar nie?
Wil jy weet wat jou talente en spesiale vermoëns is?

ONTDEK JOU POTENSIAAL

Kom vind uit waarmee die Here jou toegerus het
Ontdek jou onontginde natuurlike vermoëns en talente
en jou unieke samestelling
Kry duidelikheid oor jou beroepskeuse
Leer hoe om talente om te sit in areas van uitnemendheid
Verneem waar jy ‘n unieke bydrae kan lewer

Werkswinkels hierdie jaar:

14 Augustus 2010 (08:00—16:00)
6 November 2010 (08:00—16:00)

Koste: R290
(Sluit in: ‘n internet-toets wat vooraf gedoen moet word;
kursusmateriaal, verversings en ‘n middagete)

Skryf in deur: ’n SMS te stuur aan 0845818139
‘n Terugvoervorm te voltooi
Bywoning op ons Facebook bladsy aan te dui
(soek vir NG Gemeente Lyttelton-Oos)

TOEKOMSTIGE GELEENTHEDE

PARKNAVAL:

Almal wat betrokke is of wil wees by die Parknaval wat op 18 September plaasvind, word genooi na ’n vergadering 2 Augustus 2010 om 19:00 in die gemeentesentrum. Daar word beoog om hierdie jaar se Parknaval ’n groot kuier- en pretgeleenteheid te maak vir die hele gemeenskap.

GEMEENTEKAMP: 8 — 10 OKTOBER.

Reëlings sal later deurgegee word. Hou solank die datum oop.

NG Gemeente Lyttelton-Oos
Visie: Dissipels wat vrugte dra tot eer van die Vader



WAAR KAN EK BETROKKE RAAK?

Ons gemeente hardloop om twee bene: ‘n bedieningspan en ‘n bedryfspan. Die bedieningspan se taak is om die vyf kernprosesse (hierbo uiteengesit) van die gemeente te bestuur en die bedryfspan se taak is om die fassiliteite, finansies, administrasie, kommunikasie en personeel wat hiervoor nodig is beskikbaar te stel.

Ons het altyd te veel om te doen en te min menslike en finansiële hulpbronne! Daarom is daar altyd groot ruimte vir betrokkenheid.

As jy graag betrokke wil raak maar nie weet waar nie, woon gerus Maandagaand 19 Julie (19:00) se Bedryfspanvergadering of Maandagaand 12 Julie (19:00) se Bedieningspanvergadering by of skakel Wally Haywood (Bedieningspanleier) by 083 272 7071 of Arie Roos (Bedryfspanleier) by 0825786595 of Freddie Schoeman (0845818139) Kyk ook gerus na bedieningsgeleenthede op bladsy 6 en 7 van Die Herout.

FONDSINSAMELING

Vriende,

Ons het ‘n geleentheid gekry om ‘n kos stalletjie by die BUNDU EXPO (soortgelyk aan die WILD EXPO) te bedryf. Die skou het egter bietjie laat onder ons aandag gekom en al wat ons kon kry is ‘n geleentheid om Kerrie en Rys te hanteer. Ons sal ook koeldrank, koffie en tee verkoop. Ons het besluit om dit as ‘n Gemeenteprojek aan te pak en vra of u bereid sal wees om ons te help.

Wanneer: Vrydag 30 Julie, Saterdag 31 Julie en Sondag 1 Augustus daagliks van 09h00 tot 18h00.

Waar: Tshwane Skougrond in die meubelsaal soos die vorige keer maar op die boonste vlak naby die roltrap.

Wat: Die volgende hulp word gevra:

Help met terugbring van toerusting Sondag [ ]

Gaarmaak van Kerrievleis en rys [ ]

Hulp met opskep en bediening by Skougronde [ ]

Dit sal waardeer word indien u so gou moontlik kan aandui of en hoe u kan help.

NAAM: _____

TEL N0: _____

VRYDAG 30 JULIE

Oggend _____ Middag _____

SATERDAG 31 JULIE

Oggend _____ Middag _____

SONDAG 01 AUGUSTUS

Oggend _____ Middag _____

Baie dankie vir u samewerking.

Kobus Badenhorst (012 664 5338 / 083 235 1084

Arie Roos (012 664 2943 / 082 578 6595)

MENTORS ...

Onthou asseblief die vergadering vanoggend in kerk tyd in die bokamer. Ek wil sommer van hierdie geleent-heid gebruik maak om aan al ons mentors baie dankie te sê vir hulle harde werk en toegewydheid. Dit is mense soos julle wat God gebruik om Sy Woord uit te dra. Mag julle 'n wonderlike geseënde termyn ervaar.

Madelaine Steyn

SONDAG, 8 AUGUSTUS 2010

BEDELAAR TOT PREDIKER

Die Getuienisaksiekomitee is reeds betrokke by Helpende Hand en het geoordeel dat die Gemeente eerstehands moet hoor hoe dit gaan met hoof-saaklik blankes wat in groter-wordende getalle by skuilings moet woon.

Lourens Groenewald weet self van die lewe in oorbevolkte skuilings en rehabilitasie-sentrums. Hy weet van oor-lewing uit sopkombuise en snags op straat te slaap.

MAAR - Hy ken die Here en borrel oor van God se liefde vir hom. Lourens sal op 8 Augustus 2010 by die oggenddiens optree en getuig hoe 'n bede-laar 'n prediker geword het.

Dries van der Merwe

LEKKERSTE BILTONG; BESTE BOEREWORS
EN NOG VELE MEER
MANOR SLAGHUIS NOU OOP
WINKEL NO 2 MANOR GEBOU
275 DF MALAN
LYTTELTON
(net langs die karavaan winkel)
Tel: 082 711 7184.

VERSORGINGSBEDIENING

Deel van die Here se droom vir ons gemeente is dat elke lidmaat hier tuis en geborge sal voel. Elkeen moet weet dat daar vir hom/haar omgegee word en dat wanneer daar nood is die gemeente gereed staan om te help. Vir hierdie droom om waar te word, het ons mense met "omgee-harte" nodig. Kyk na die bedienings hieronder en kom help daar waar die Here jou hart se punt heen trek!

BERADINGSGROEP

Ons is nie terapeute - nie net mense wat luister en omgee. Dit word baie streng vertroulik hanteer. Die bediening sluit in Trauma - soos dood in familie, inbrake ens. Ook Jeug-probleme – dwelms, drank, hantering van groepsdruk, ensovoorts.

Kontak Madelaine Steyn 0823542455

SIEKE / HOSPITAALBESOEK

Lidmate in die hospitaal word deur die leraar besoek maar dis by verre nie genoeg nie. Mense wat siek is en / of pyn verduur het mense se ondersteuning en onderskraging nodig. Kom help ons om dit te gee! **Kontak Freddie Schoeman (0845818139) Minari Nel (0843178820) Odie Odendaal (0126646526) of Heinz Meissner (0828068530)**

HELPMEKAAR

Kom ons help mekaar om ons talente en gawes te gebruik tot eer van die Heer!!

Om na ander uit te reik beteken ook om te help waar ons kan, veral in nood en ook wanneer ek tyd of oorvloed het. Vul gerus die vorm wat in die rakkies by die deure beskikbaar is in indien jy graag jou talente en vermoëns beskikbaar kan stel

Kontak Frik Strydom 082 4453784

VOEDSELBEDIENING

Dit is nie net vir mense wat nie kos het om op die tafel te sit nie. Dit is ook vir mense wat opgeneem word in die hospitaal; wat siek is by die huis; wat iemand aan die dood afgestaan het. Ons is daar om hulp te verleen vir twee tot drie aande se etes of enige iets anders wat nodig sou wees. Hier het ons die gemeente se insette en ore en oë nodig om ons in kennis te stel van sulke gevalle.

Kontak Arie Roos 0825786595

TELEFOONBERADING

Vrywilligers word benodig wat bereid sal wees om noodlyndiens te doen vir enige gemeentelid wat nie direk met iemand wil praat nie. Die bediening is 'n 24 uur bediening - dus moet u bereid wees om enige tyd beskikbaar te wees. Daar sal so gou moontlik 'n kursus aangebied word.

Kontak Madelaine Steyn 0823542455

VERVOERBEDIENING

Soms gebeur dit dat een van ons vervoer benodig om inkopies te doen, 'n besoek af te lê of 'n erediens by te woon. As jy bereid is om jou dienste in hierdie verband beskikbaar te stel …

Kontak Hardus du Preez 0828871364

BEGRAFNISBEDIENING

Kom help met die skink van tee en die voorbereiding van verversings met begrafnisse in die gemeente. Dis 'n liefdesdiens wat opreg waardeer word!
Kontak Ria Maree 0126643364

BLOKBEDIENING

Ons is op soek na blokleiers wat gereelde besoeke aan alle lidmate in bloksverband kan koördineer.
Kontak Kobus Badenhorst 0832351084

KLUB IMMERGROEN

Hierdie bediening fokus op ons senior lidmate en het onder andere ten doel om bejaardes te versorg. As jy lief is vir ouer mense, hier is vir jou 'n geleentheid om te dien.
Kontak Rina van der Merwe 0126642469

Weet jy van nood in die gemeente? Moenie huiwer om te skakel nie. Ons help graag waar ons kan.
Kontak Madelaine Steyn 0823542455

CENTURION HOSPICE WILL BE HOSTING
AN OPEN DAY MARKET
"Christmas in July"
FRIDAY 30th JULY 2010.
10:00 am to 16:00 pm

AT THE HOSPICE -CORNER CLIFTON
& NORTH STREET LYTTELTON

Come and see our colletion of collectables at our charity shop! Our special items will be un-packed especially for the market! Delicious food on sale at our tea garden.

CURRY & RICE; BOEREWORS ROLLS; POTJIE KOS; PANCAKES

*AND LOTS LOTS MORE!!!!

FOR MORE INFO: PHONE MARLISE 012 664 6175

COMRADES—HARDLOOP VIR BYBELS

Lyn de Bruin herinner lidmate wat beloftes ten opsigte van die projek gemaak het om dit asseblief in te betaal by die rekening wat spesiaal vir die projek geregistreer is.

Daar is 'n tekort van 220 Bybels op die verwagte aantal. Die bedrag van R8610.00 (280 bybels) is reeds ontvang. Lidmate kan nog steeds donasies maak en inbetaal op die rekening. Dit sal hoog op prys gestel word.

Absa Bank: Centurion Tak
Rekeningnommer: 1810 1025
Rekeninghouer: MP de Bruin

Gebruik asseblief as verwysing "Bybels" tesame met u telefoonnommer/naam.

Baie dankie dat u die projek ondersteun.

Delta Kursus
Dissipelvorming deur Bybelstudie

Dinsdagaande 5 Oktober – 23 November 2010 om 18:30-21:00
Formaat: Interaktiewe kleingroep met sterk insette ten opsigte van kennis en inligting.
Daaglikse studie van ongeveer 30 minute
Benodig 'n vars nuwe Bybel!
Koste: R100 vir kursusmateriaal

4000 jaar in een aand Abraham tot Christus (Geskiedenis van Israel / Juda) Christus tot ons (Geskiedenis van die kerk) Bybel in Konteks – hoekom dit belangrik is. Beginsels vir studie van die Bybel Die Bybel is God se Woord in mensetaal Christus is die Lewende Woord. Ons ontmoet Hom in die Bybel.	Hoe die Bybel ontstaan het (Deel 3) Die boeke wat na die Ballingskap geskryf is Jesaja 56-66 Haggai en Sagaria Maleagi Esra en Nehemia Kronieke Jona en Rut Joël Ester en Daniël
Die tale van die Bybel Grieks en Hebreeus Manuskripte Teksoorlewering Kanonvorming Apokriewe boeke Literatuursoorte	Hoe die Bybel ontstaan het (Deel 4) Paulus en sy briewe Handelinge Die Joods-Romeinse oorlog
Hoe die Bybel ontstaan het (Deel 1) Die boeke wat voor die Ballingskap geskryf is (1000 v.C. – 586 v.C.) Genesis 2 en verder Eksodus Verhale oor Elia en Elisa Troonopvolgingsverhaal Amos en Hosea Jesaja 1-39 en Miga Nahum Sefanja en Habakuk Jeremia	Hoe die Bybel ontstaan het (Deel 5) Evangelies en Openbaring Matteus Markus Lukas Johannes Openbaring
Hoe die Bybel ontstaan het (Deel 2) Die boeke wat tydens die Ballingskap geskryf is (586 v.C. – 539 v.C.) Esegiël Jesaja II Josua – 2 Konings Levitikus en Numeri Genesis 1	Wie was Jesus? Resultate van die Historiese Jesus navorsing